KOMMUNIKAATJIE
Gereformeerde Kerk Centurion

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 51** **Nr 25** **26 Julie 2026**

# Lieflike Voete

Het u al ooit gedink aan ‘n predikant as iemand met lieflike voete? Dit klink nie heeltemal reg nie. Hoekom sal die dominee se voete lieflik genoem word? Ons vind hierdie beskrywing in Jesaja 52, wat ook deur die apostel Paulus aangehaal word in Romeine 10.

“*Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? Soos geskrywe is: Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig!”* Romeine 10:13-15 (53-vertaling)

Hier word inderdaad verwys na die “*voete*” van die persoon wat die evangelie, die goeie nuus verkondig. Met ander woorde: “*hoe lieflik is die voetstappe van hom wat die goeie nuus bring*!” (83-vertaling)

Hierdie nuusbringers kom egter nie uit hulself nie. Die boodskapper word gestuur. Nie deur mense nie, maar deur God. God is die Een wat die opdrag gee en die stuur werk doen. Dit maak ons taak as gemeente so belangrik om te vra dat God vir ons die regte bedienaar van die Woord sal stuur. Ons as gemeente moet biddend vra na die leiding en die wysheid van God, sodat Hy vir ons die regte boodskapper sal stuur, wat die goeie nuus mag bring.

Immers, hoe kan ons glo, sonder die boodskap van God se verlossing. Hoe kan ons God leer ken, as ons nie van Hom hoor, wie Hy is en wat Hy doen nie? Ons geloof kom deur wat ons hoor, deur die verkondiging van die evangelie van ons Here Jesus Christus.

Daarvoor moet ons voortdurend bid. Ons moet bid dat God getroue en toegewyde boodskappers mag stuur, nie net vir ons gemeente nie, maar in sy kerk en koninkryk. Ons moet bid dat die koninkryk van ons Here mag kom, dat Hy self sy boodskappers uitstuur om sy koms aan te kondig, dat elkeen mag glo, en deur die geloof gered word.

Lourens (VDM)

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: **Vandag**: Les 14, Ps 99:1,5 **Volgende week**: Les 15, Ps 116-1:1,10

**KLEUTERKLAS**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.
*(Janneke Wessels – 071 898 5900)*

## Dienspersoneel

| Datum | Wyk | Oudl Afr Diens | Oudl vir Afkondigings | Diaken | Klank | Projektor | Video Uitsending |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 26-Jul | A15 | Anton Smith | Jan Nel | Bertie van Jaarsveld | Hannie vd Bergh | Nicolai vd Merwe | Charl vd Bergh |
| 02-Aug | A16 | Johan Hoogendyk | Jan Erasmus | Casper Swanepoel | Hein Kaiser | Carina vd Dussen | Gert Reinecke |

## KOLLEKTES

Vandag: **Spesiale Kollekte** (tydens erediens )

Volgende week: **Barmhartigheid**

Vandag: **Kerkkas** (by die deure)

Volgende week: **Kerkkas**

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 26 Jul. | Marcel | Bezuidenhout | A03 | 0662194486 |
| 27 Jul. | Quintes | Myburgh | B05 | 0662447277 |
| | Thys | Reynecke | C12 | 0827789193 |
| | Francois | Venter | C10 | 0718577894 |
| 28 Jul. | Sarie | vd Merwe | B10 | 0725004770 |
| | Renske | Verburgh | C08 | 0784345760 |
| 29 Jul. | Leonie | Fouché | A13 | 0835715047 |
| | Lucia | Stronkhorst | C05 | 0826375362 |
| | Dina | vd Berg | B11 | 0833051305 |
| | Chantel | Venter | C10 | 0723803963 |
| 30 Jul. | Neels | Engelbrecht | A14 | 0837613757 |
| | Mariaan | Prinsloo | B04 | 0836315798 |
| | Ina | Wiegand | A11 | 0828874046 |
| 31 Jul. | Jurgens | vd Merwe | A11 | 0615177699 |

## *Dooplidmate*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 26 Jul. | Alissa | de Beer | B03 | 0729424218 |
| | Mienke | Pretorius | B02 | 0825216870 |
| 28 Jul. | Lohan | Dekker | B18 | 0824151034 |
| 29 Jul. | Lianka | Hoffmann | A02 | 0832001907 |
| 31 Jul. | Leandri | Styger | B01 | 0832260285 |
| 01 Aug. | Chloé | Botma | B03 | 0728993144 |

# *Ons gee om vir Mekaar*

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Henda Vreugde sterk tuis aan na ŉ voetoperasie (B7 – 0824658070).
- Keanu Breedt sterk aan in Unitas hospitaal (A14 – 0712207921).
- Cornelia Goosen ondergaan môre biopsie te 1 Mil hospitaal (A9 – 0721327694).

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***




## *Alethea Outreach 11:00*

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

Student Marno Hermann

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkap-masjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerk-masjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; oopmaak van rioolstelsels, verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Verkoop u, u huis?** Onthou dit is u Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 8899.

Soek jy 'n lekker kuier-plek???? **Oppi Stoep Gastehuis** bied aan:- Pensionaris ontbyt op Woensdae van 10:00 tot 13:00 (bespreek asb). Lokaal vir:- werkswinkels, verjaarsdagfunksies, huweliksherdenkings, re-unies. Skakel Johan Wiegand 082 498 6314.

## Wyse Gryses

DV Maandag 3 Augustus 2026

om 10h00

in die Kerksaal

Trudie Steyn gaan Vrouemaand vir ons inlei met 'n praatjie oor "*Wit klere deur geloof en dade: Die vrou (en man) na God se hart".*

Dit beloof om heel insiggewend en verwarmend te wees vir die laaste wintermaand van hierdie jaar!

Kom gerus en beleef die warm samesyn van ons Seniors!

Almal hartlik welkom!




## Jagnaweek

Ons pa en seun/dogter jagnaweek het plaasgevind vanaf 26-28 Junie op die Carlsruhe jagplaas net duskant Cullinan.

Heerlike kuiers om die kampvuur, die skoonheid van die natuur, geestelike gesprekke en lekker kos het die geleentheid spesiaal gemaak vir elke pa en kind wat saam kom jag het.

Moenie uitmis nie, volgende jaar maak ons weer so!

## Plastiekdoppies

Bring jou plastiekdoppies in 'n plastieksak kerk toe en gooi dit in die houer op die stoep.

Dink solank aan 'n oulike naam vir die projek en stuur jou voorstel per Whatsapp aan Cornea v Niewenhuizen. Teen volgende nagmaalnaweek sal die naam bekendgemaak word.

Vir enige navrae WhatsApp Cornea v Niewenhuizen 064 532 6804



## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**26 Jul**

Rene Erasmus C5

Doret Pretorius C6

**2 Aug.**

Hannie vd Bergh C7

Lené vd Walt C8



**GKC-Projekte** het 'n *Chamberlains* Handelskaart vir die gemeente bekom. Hoekom vertel ons dit vir u?

Wel, ons versoek u om telkens wanneer u aankope by *Chamberlains* doen, hierdie kaartnommer vir die teller sal gee. Sodra 'n totaal van R20 001 vir die jaar op hierdie kaartnommer gedoen is, word 'n bedrag gelykstaande aan 'n sekere persentasie van die totale transaksies aan GKC-Projekte betaal. Op hierdie manier probeer ons om op 'n gerieflike manier fondse in te samel vir instandhoudingsprojekte en dít sonder dat dit u ekstra geld kos! Oulik nê…

'n Foto van die kaart sal op GKC Gemeente Kommunikasie WhatsApp-groep geplaas word vir u gebruik.

Navrae: Tjaart vd Walt 0828242933






# B Y B E L S K O O L




**4 Aug – 8 Sept 2026**

**Sprekers :** Dr Douw Breed, Ds Cassie Aucamp,

Ds Maarten van Helden, Ds Lourens Venter, ens.

**Tyd en plek:** Dinsdae 19:00-20:30, GK Centurion

**Kostes:** R200 pp, studente & kinders slegs R100 pp

Betaal in kerk rekening met *naam* en "*Bybelskool*" as verwysing

Kontak persoon: Christi Venter: 082 940 1555



## REFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA (GKSA)

## RAMINGS: 1 JULIE 2026 – 30 JUNIE 2027

Liewe broer en suster in Christus

Die Deputate van die Algemene Sinode is terdeë bewus van die ekonomiese druk waaronder lidmate en gemeentes tans verkeer. Dit word ook duidelik waargeneem in die afname in die kontantvloei van die GKSA se gesamentlike fondse.

Die versorging van emeriti beloop 76% van die totale begrote uitgawes wat uit ramings gefinansier word, terwyl die opleiding van toekomstige leraars 15% beloop.

Die krisis ten opsigte van Emeriti se versorging is welbekend en die effek daarvan op ramings kan duidelik hieronder gesien word. Ons vertrou dat die Sorg met Eer projek die versorging vorentoe moontlik sal maak.

Omdat verwag word dat die GKSA lidmate met 1.9% gaan daal en inflasie tans ongeveer 4.5% beloop kon verwag word dat ramings met 6.4% verhoog moes word om aan die GKSA se behoeftes te voldoen.

Die Bestuur van die Admin Buro het besluit om reserwes aan te wend om die impak op kerke so lig moontlik te maak en daarom is die aanpassing van tariewe gemiddeld met 5.6%.

Die mate waartoe reserwes aangewend word, sal afhang van die invordering van ramings en dit mag moontlik in die toekoms groter ramingsaanpassings noodsaak.

**<u>Dit is dus van uiterste belang dat gemeentes alles in hul vermoë sal doen om hul ramingsrekening ten volle te vereffen.</u>**

**Begroting en ramings vir die jaar is gebaseer op die volgende:**

1. Die aantal belydende lidmate neem af met -1.9%
2. Die totale bedrag geraam neem toe met 3.6%
3. Die gemiddelde raming per lidmaat neem af met 5.6%
4. Die ramings vir kerke waar lidmate toegeneem het sal nie met bogenoemde 5.6% toeneem omdat die basis van ramings primêr die aantal lidmate is.
5. Wanneer kerke se aantal lidmate toeneem is die tarief per lidmaat hoër as gevolg van die glyskaal wat kleiner kerke bevoordeel.
6. Die tarief by kerke wat nie op die glyskaal gehef word nie word infaseer.
7. Neem asseblief bogenoemde in ag wanneer 'n spesifieke kerk se ramings beoordeel word.

| | Raming per belydende lidmaat | | | | Totale ramings | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 2026 | 2027 | 2027 | | 2026 | 2027 | 2027 | |
| | | | % verander | % van totaal | | | % verander | % van totaal |
| Aantal belydende lidmate | | | | | 39 821 | 39 070 | -1.9% | |
| EVT gemiddeld | 542.06 | 574.00 | 5.9% | 53% | 21 585 416 | 22 426 148 | 3.9% | 53% |
| Medies | 188.46 | 199.56 | 5.9% | 19% | 7 504 541 | 7 796 729 | 3.9% | 19% |
| Thuso | 39.87 | 42.22 | 5.9% | 4% | 1 587 500 | 1 649 345 | 3.9% | 4% |
| | **770.33** | **815.77** | **5.9%** | **76%** | **30 677 457** | **31 872 223** | **3.9%** | **76%** |
| TSP | 161.16 | 165.97 | 3.0% | 15% | 6 417 458 | 6 484 479 | 1.0% | 15% |
| Adminburo | 54.21 | 55.84 | 3.0% | 5% | 2 158 746 | 2 181 862 | 1.1% | 5% |
| Sinodekas | 11.07 | 11.40 | 3.0% | 1% | 440 813 | 445 338 | 1.0% | 1% |
| Argief | 9.86 | 14.72 | 49.3% | 1% | 392 473 | 574 931 | 46.5% | 1% |
| Studentehulpkas | 13.87 | 14.28 | 3.0% | 1% | 552 136 | 557 911 | 1.0% | 1% |
| | **1 020.54** | **1 077.98** | **5.6%** | **100%** | **40 639 083** | **42 116 744** | **3.6%** | **100%** |

**LW: Die Emeritaatversorgingstrust (EVT)-ramings word as 'n gemiddelde bedrag aangedui. Hierdie bedrag wissel van kerk tot kerk.**

Kontak dr. Wymie du Plessis by 083 575 5786 of wymiedup@gksa.co.za

Ramings is bereken op die aantal belydende lidmate soos op die statistiekvorms vir Almanak 2027 ontvang.

Ons dank aan elke lidmaat, elke kerkraad, wat hul erns maak om ons kerke saam in kerkverband te dien, ook met offergawes en die oorbetaal van ramings.

Met seënwense vir ons elkeen, in diens van ons Koning.

Dr. Deon Lartz
Voorsitter – Bestuur Administratiewe Buro
14 Julie 2026

Dr. Wymie du Plessis
Administratiewe Bestuurder

## VERSOEK ONTVANG VAN DEPUTATE OWERHEID

*"Die Deputate wil die kerke daarom ernstig vra om:*

- *voortdurend in die erediens en persoonlike gebede vir ons boere en die landbougemeenskap voorbidding te doen;*
- *predikante, ouderlinge en diakens aan te moedig om besondere pastorale aandag aan boere en hulle gesinne te gee, veral waar nood, trauma of moedeloosheid ervaar word;*
- *lidmate aan te spoor om ons boere prakties en geestelik te ondersteun waar die Here daarvoor geleenthede gee."*

## Voorspel inligting

### Psalm 130 Oggenddiens

Die Sewe Boetpsalms gee uitdrukking aan diepe droefheid, berou en 'n pleidooi om God se genade vir persoonlike of gemeenskaplike sonde.

*Psalm 6*: ’n Gebed om genesing en genade tydens fisiese of emosionele nood.

*Psalm 32*: ’n Besinning oor die vreugde en verligting van sondebeleidenis en vergifnis.

*Psalm 38*: ’n Aangrypende klaaglied oor fisiese lyding en die oorweldigende las van skuld. Psalm 51: Die beroemde *Miserere*, deur koning Dawid ná sy verhouding met Batseba.

*Psalm 102*: Die gebed in nood wat sy verdriet en eensaamheid voor God uitstort.

*Psalm 130*: Die *De Profundis*, wat fokus op die wag vir verlossing "uit die dieptes".

*Psalm 143*: 'n Pleidooi om leiding, bevryding en geestelike vernuwing voor 'n vyand.

### Psalm 30 Aanddiens

Psalm 30 is 'n diep persoonlike danklied wat aan koning Dawid toegeskryf word. Dit besing die verlossing van 'n lewensgevaarlike siekte of krisis en bevat die bekende poëtiese belofte: "*In die nag mag daar geween wees, maar in die môre is daar gejuig.*"



# *Gemeente Kuierkamp*

## **4-6 September 2026**

### **Wagondrift, Cullinan**

# *Inskrywingsvorm*

Ek/Ons stel belang om die kamp by te woon:

Naam: ______________________________ Selfoon: ______________

Kampstaanplek @ R1 200 per tent, woonwa of boswa, vir die naweek, etes ingesluit

*Uit Hom, Deur Hom, Tot Hom en Aan Hom*

Ek wil graag die kamp bywoon maar het finansiële hulp nodig asb:

Naam: ______________________________ Selfoon: ______________

***Voltooi en gooi in die kollektesakkie of gee dit in by die kamptafel onder die Olyfboom of stuur 'n foto daarvan vir Rudy 082 468 6035 / gkckamp@gmail.com***



# Liturgiese Riglyne

## SONDAGOGGEND 09:00

## God het ons vir Hom gemaak

**Skriflesing**:
Kolossense 1:3-23
Genesis 2:15-20
(2020)

**Teksvers**:
Kolossense 1:15,16

**Sing**:
Ps. 66:1,7
Sb 12-3
Ps. 139:6,7,12
Ps. 8:1,2,3,4
Ps. 33:2,5,6,11
Sb 13-3

Ds Lourens Venter

Wat is die doel van die mens se bestaan? Het u al nagedink waarom jy hier op aarde is? Wat is jou doel en betekenis?

Baie mense, veral mense wat in baie moeilike omstandighede groot word, twyfel of die lewe die moeite werd is. Hulle ervaar net swaarkry en moeite, hulle lewe is een groot smart.

Ons wil graag vanoggend stilstaan by die gedagte oor wat die doel was van die skepping van die mens. Waarom het God die mens as die kroon van die skepping daargestel, en wat is jou en my taak hier op aarde?

## SONDAGAAND 18:00

## Die Heilige Gees as ons waarborg

**Skriflesing**:
2 Kor 1:15-22
Ef 1:1-14
(1983)

**Teksvers**:
Ef 1:14
2 Kor 1:22

**HK:** Sondag 20

**Sing**:
Ps. 146-2:1,2,3,6
Sb 8-1:1,2
Lied 288:1,3
Sb 10-2
Sb. 13-3

Ds Maarten van Helden

Sekerheid is 'n skaars ding in ons gebroke bedeling. Ons maak planne en beloftes maar dit werk nie altyd so uit nie. Kyk ook by Paulus, wie se reisplan misluk het. Dit bring groot onsekerheid in die Korinte-gemeente.

Die apostel gebruik sy verleentheid om te verduidelik dat ons wel geloofsekerheid kan verkry maar alleen deur die Heilige Gees wat in ons woon en ons vertroos en lei tot sekerheid.

In ons twee tekste word die Gees in oorspronklike Grieks ons "*arraboon*" genoem. Ons bedink vanaand hierdie beskrywing wat reeds in die OT begrond is.